



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.
22 Augustus 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Is jy groot of is jy klein?

Skriflesing: Johannes 3:22-36

Wanneer het jy as gelowige die hoogste sport bereik? As jy soos 'n Billy Graham voor duisende mense kan preek en tot bekering bring? As jy die Bybel op jou vingerpunte ken en vir almal raad kan gee?

Johannes die Doper help ons om dié vraag te antwoord. Hy het gesê: "Hy moet meer word, en ek minder." (Joh 3:30)



Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons dan ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sonde nie maar slegs 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe.

Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy.

Ek glo ...

Ons Program

Vandag

Informele diens om 9:30 olv ds. Jaco Thom.

Sondagskool

Deuroffer: Opleiding van Teologiese Studente

Sondag 29 Augustus: Bybelsondag

Erediens om 9:30 olv ds. Jaco Thom

Sondagskool

Deuroffer: Bybelgenootskap

Bybellees-program

Ons begin vandag met die boek **Daniël**. Op die WhatsApp-groep "Petrusburg" kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net NG Kerk Petrusburg.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Augustus

22 Daleen Krige

23 Apie Ebersöhn

24 Hester de Jager; Elsa Ebersöhn; Laetitia van der Watt

25 Magda Liebenberg

26 Danie Jacobs; James Oertel; Amanda van der Westhuizen

27 Dewan Bouwer



Alta en Heini Grobbelaar – Alta se suster is oorlede, baie sterkte vir julle.

Die situasie in **Afganistan**, met die Taliban wat beheer oorgeneem het en die gevolglike onsekerheid oor Christene se veiligheid.



Dankbaarheid

Liewe medegelowiges van Petrusburg NGK,

Dit is al 'n geruime tydjie sedert ek laas oor dankbaarheid gepraat het, deels a.g.v. die nuwe inperkings wat ons beleef het en deels a.g.v. ander omstandighede. Tog het ons nou weer die geleentheid om bietjie na ons eie lewens te kyk en opnuut te ervaar hoeveel daar is om voor dankbaar te wees. My vorige joernaalinskrywing het vertel van ons Hemelse Vader se ingryping

in 'n benarde finansiële situasie: 'n groot ding in enige mens se lewe. Maar dankbaarheid is nie net beperk tot groot momente in 'n mens se lewe nie. Ons word daaglik wakker met vernude energie om ons dag te leef en te kies om dankbaarheid bo uitsigloosheid te stel. Daar is so baie klein dingetjies wat 'n mens dankbaar stem in jou eie lewe en dié van andere om ons. Ek wil dankie sê vir elke mens wat my pad kruis en 'n glimps van ons Vader se liefde aan ander openbaar. Kom ons deel ons dankbaarheid met andere en steek so 'n dankoffer aan tot eer van ons God en ons Vader wat in groot en klein voorsien, soos ons behoef!

Ek herhaal graag my uitnodiging aan almal om oor Sy goedheid en sorg te praat en deur hierdie kanaal met mekaar te deel. Stuur jou bydrae anoniem, of onder jou naam na my (daleen.krige@gmail.com) en ons deel dit in die afkondigings op Sondae. Saam kan ons 'n danklied sonder weerga aanhef tot verheerliking van ons Heer!

Kom ons juig in dankbaarheid voor Hom!

Groete,

Daleen Krige

Ten slotte - Soos ek dit sien

Wat wil God vir ons sê deur die pandemie?

Een van die eerste reaksies as 'n slegte ding oor jou pad kom, is die vraag of God dalk daardeur vir jou iets wil sê. En dan soek jy hier binne rond om te kyk of daar dalk iets is waaraan jy moet werk. Dalk kry jy iets, maar heel waarskynlik kry jy nie iets nie, en sit jy met 'n klomp onbeantwoorde vrae.

Dis mos hoe die voorspoedsteologie ook werk. God wil jou seën, word gesê, en as jy nie sy seën beleef nie, is die oorsaak in jouself. As jy net lank genoeg soek, sal jy die oorsaak kry, en sodra jy dit regmaak, gaan die seëninge van Bo weer instroom.

En nou sit ons in 'n pandemie, en mense wonder waar lê die fout dan. Wie het drooggemaak? Wie se skuld is dit? Die maklike antwoord is: ons almal het 'n aandeel. Die mens het te veel van die aarde vir homself opgeëis. Die diere se natuurlike habitat word al minder, met die gevolg dat daar steeds nouer kontak tussen mens en (wilde) dier is. Een of ander tyd moes dit gebeur dat die siektes van die diereryk na ons oorgespring het, en ons het geen weerstand teen dié mens-vreemde siektes nie. Hoe langer ons die aarde oorontgin, hoe meer van dié soort rampe gaan ons tref.

Die vraag is egter of God hierdeur vir ons iets wil sê. Seker? Ons moet ophou om die aarde te vernietig met ons verbruikersmentaliteit. Maar dis 'n blote

natuurmatige saak – een waaraan ons aandag móét gee – maar ek dink nie dit beantwoord heeltemal die vraag oor wat God vir ons wil sê nie.

As ons na die Bybel blaai, stuur dit ons op 'n ander koers. Hebreërs 1:1-2 sê dit reguit: God het sy finale woord aan ons gegee deur sy Seun. As ons vra na wat God sê, sal ons moet luister na wat Jesus sê, en nie in elke terugslag een of ander bonatuurlike vermaning inlees nie. Jesus het ons kom leer dat die lewe daarvoor gaan om God liefde hê, en ons naaste. Dit is wat God vir ons sê, vandag nog.

Natuurlik het Jesus ook oor onnatuurlike verskynsels gepraat en hoe ons dit moet interpreteer. Hy het ons geleer dat dit herinneringe is dat Hy weer kom (sy profetiese rede in o.a. Luk 21:10-11). Ons hoor in dié dinge as 't ware sy voetstappe nader kom. Wanneer Hy gaan kom, weet ons nie (die Here Jesus ook nie!), maar ons kan wel uit die tekens aflei dat sy wederkoms nader kom.

Eintlik vra ons die verkeerde vraag in die pandemie. Die vraag is nie: Wat sê God vir ons? nie, want daarop gaan ons nie uit God se spreke in die Bybel 'n helder antwoord kry nie. Die regte vraag is: Hoe nou gemaak? Hoe kom ons hierdeur? Hoe help ons mekaar om behoue anderkant uit te kom?

Dié vraag het 'n antwoord. Paulus skryf in Rom 13:8 (2020-vertaling): “Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê.” Dis hoekom ons ons moet laat inent teen die virus, maskers dra en ons afstand van mekaar moet hou. Dit gaan nie maar net om myself en my gesondheid nie; dit gaan ook oor my naaste en dat ek my naaste wil beskerm. Só is ek en jy deel van die antwoord.

Gebed by Psalm 55

Here, in die tye van vrees en angs,
gee dat ons só ons las op U mag werp
dat U ons op die heilige vlerke van die Gees kan dra
na die vesting van u vrede;
deur Jesus Christus ons Here.

vertaal uit *The Archbishops' Council of the Church of England*

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		